# Lesing 16.07.2018 - DEEL 50 - Die belofte van alle Verbonde - DIE GEES

## Die Trooster geopenbaar in die Boek van Judith

Hierdie boek is ook as Deutero-Kanoniek verklaar deur die manlike priesterordes van die Protestantse kerk en hulle het dit dan uit hul oorspronklike Bybel van Nicea gehaal.

Die rede is oorduidelik weer dieselfde, naamlik dat hierdie boek uitsluitlik gaan oor die destydse manlike Israel-priesterorde wat te lamsakkig was om vir hul volk in te staan by Vader JaHWeH, en wat tot gevolg gehad het dat hierdie weduwee, Judith, die oorwinning vir die volk bewerk het deur die vyand se krag, in die vorm van hul aanvoerder, se kop af te kap en dit aan die stadspoorte op te hang. Hierdie dapper onselfsugtige daad het toe nie net daardie stad Betoel verlos nie, maar het die hele Israel bevry van die aanslag van die destydse wêreldheerser, Nebukadneser. Dit sal goed wees as elkeen tyd sal afstaan en die hele Boek van Judith aandagtig deurlees, want mens kan onmoontlik nie al die verse hier herhaal nie, maar slegs die kerngedagtes. Beredenering van hierdie boek sal op twee vlakke geskied, naamlik die Geestelike vlak, wat die verlossing aan die einde van die volk by Golgotha weerspieël, sowel as op die Hemelse vlak, wat vir ons iets vertel wat in die geestesryk van Lucifer gebeur het, toe daar slegs engelgeeste bestaan het, lank voordat die aarde eers bewoon was deur die Adamitiese geslag.

Op hemelse vlak stel Nebukadnesar vir Lucifer voor, sy opperbevelvoerder stel Lucifer se bose krag en mag (gevalle engele owerstes) voor wat hy in hierdie man, Holofernes, geplaas het om die res van sy geestesryk met geweld oor te haal om vir hom, Lucifer as Elohim te aanbid. Hierdie res was die tweederdes engele wat hom **nie as Elohim beskou en aanbid het nie,** maar wat getrou gebly het aan JaHWeH.

Op geestesvlak, sowel as hemelse vlak stel Nebukadneser en Holofernes nog steeds die Satan voor, wat op aarde in beheer was, maar wat op Golgotha vernietig is deur onse Meester, Jahshua, volkome androgien met Sy vroulike Gees van Waarheid, die Trooster in Homself as die innerlike bron van sy Krag op aarde.

Die Trooster word dus voorgestel deur Judith, die weduwee, wat `n geestelike weduwee was voor Jahshua se koms en wat vir miljarde eons in die destydse hemelse geestesryk van Lucifer was sonder Haar Man, soos verhaal in die Boek Hooglied, waar sy sonder JaHWeH moes smag agter tralies en in rotsklowe. **In JaHshua** is Sy toe weer verenig in Homself as Sy Ewige Bruid, gegee tydens Sy doop as die Duif van Waarheid wat op Sy hoof neergedaal het.

Vanaf hierdie oomblik was Sy nie meer `n weduwee nie, want Haar vroulike krag het EEN geword met Jahshua se manlike krag en Hy was nou die volkome aardse afbeelding van die Hemelse Goddelike drie-eenheid, naamlik die Weg, die Waarheid en die Ewige lewe. (Liefde, Wysheid en Krag)

Judith verklaar die volgende aan Holofernes en ek beskou dit as belangrik om die res van die verhaal op geestelike en hemelse vlak te verstaan. Dit handel oor die gees en krag van Satan wat oor die hele gebied uitgestort was, behalwe oor Israel, die kinders wat getrou aan JaHWeH gebly het, wat ook die tweederdes in die toentertydse engele geestesryk voorstel.

> ***Judit 11:7*** *Want soos Nebukadnésar, (**Lucifer/ Satan**) die koning van die hele Aarde leef, so leef ook die mag (**krag as Holofernes**) van hom wat u gestuur het vir die tugtiging van elke lewende wese; omdat nie alleen die mense hom deur u onderdanig is nie, maar ook die wilde diere van die veld en die vee en die voëls van die Hemele, **deur u krag leef vir Nebukadnésar en sy hele huis**.*
>
> *11:8 Want ons het verneem van u wysheid en **van die werke van u gees**; en aan die hele Aarde het dit bekend geword dat in 'n oorlog alleen u dapper is in die hele koninkryk en kragtig in kennis en bewonderenswaardig in veldtogte.*